testpapers.co.za

education
Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 10

## EKONOMIE V2

## NOVEMBER 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 A✓✓
1.1.2 D✓✓
1.1.3 C✓✓
1.1.4 C✓✓
1.1.5 A✓✓
1.1.6 C✓✓
1.1.7 B✓✓
1.1.8 D✓✓ (8 X 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D✓✓
1.2.2 H✓✓
1.2.3 E✓✓
1.2.4 G✓✓
1.2.5 B✓✓
1.2.6 A✓✓
1.2.7 I✓✓
1.2.8 F✓✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Stagflasie✓
1.3.2 Welsyn/Toelae✓
1.3.3 Uitgebreide openbare werke program✓
1.3.4 Indiensnemingsgelykheid✓
1.3.5 Migrasie✓
1.3.6 Mark ewewig✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae van hierdie afdeling.

## VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

**2.1.1 Noem enige TWEE eienskappe van nut.**

- Nut verskil van persoon tot persoon✓
- Die nut van 'n produk kan verander✓ (2 x 1) (2)

**2.1.2 Hoe affekteer die wet van verminderde marginale nut die hoeveelheid verbruik?**

- Hoeveelheid gebruik neemtoe✓✓ (1 x 2) (2)

2.2 Study the graph below and answer the questions that follow.

**2.2.1 What is represented by $E_0$?**

- Ewewigspunt✓ (1)

**2.2.2 Identifiseer die hoeveelheid geproduseer vir $P_0$ en $A_0$.**

- $H_0$✓ (1)

**2.2.3 Beskryf wat gebeur het met die prys en hoeveelheid in die grafiek.**

- Prys neemtoe van P0 na P1 en hoeveelheid neemaf van H0 na H1✓✓ (2)

**2.2.4 Verduidelik die wet van vraag.**

- Die wet van vraag sê dat as die prys van 'n produk toeneem sal die hoeveelheid gevra afneem✓✓ (2)

**2.2.5 Wat sal 'n verskuiwing in die vraagkurwe veroorsaak?**

- Vernadering in verbruikersinkomste✓✓
- Verandering in die grootte van die bevolking✓✓
- Verandering in verbruikersvoorkeure✓✓ (2 x 2) (4)

2.3 Study the cartoon below and answer the questions that follow.

**2.3.1 Identifiseer die bron waarvan die strokiesprent verkry was.**

- Google✓ (1)

**2.3.2 Watter tipe belasting word uitgebeeld in die prent hierbo?**

- Indirekte belasting/sondebelasting✓ (1)

**2.3.3 Verduidelik kortliks die term *begroting*.**

- Finansiële beplanning vir die toekoms✓✓ (2)

**2.3.4 Hoekom stel die regering die tipe belasting genoem in 2.3.2 op?**

- Om mense aan te moeding om nie skadelike goedere te gebruik nie.✓✓ (2)

**2.3.5 Verduidelik die impak van belasting op die ekonomie.**

- Die verhoog staatsinkomte✓✓
- 'n Verhoging in staatsinkomste kan gebruik word vir die verbetering van infrastruktuur✓✓
- Inkomste van gebruik word om by te dra na sosiale dienste (ondersteuning van burgers van 'n land)✓✓ (2 x 2) (4)

**2.4 Hoekom tree die regering in die mark in?**

- Die regering probeer om markongelykhede te bekamp deur regulasies, bealsting en subsidies✓✓
- Regering mag ook intree in markte om algemene ekonomiese regverdigheid te bevorder✓✓
- Die regering tree in om ander doelwitte soos nasionale eenheid en vooruitgang te bevorder✓✓
- Die regering tree in om meer inkomste te verdien✓✓ (4 x 2) (8)

**2.5 Bespreek enige VIER kriteria wat 'n produk of diens aan moet voldoen om die wêreld mark te betree.**

- Daar moet 'n bree aanvraag wees vir die produk✓✓
- Dit moet vervoer kan word✓✓
- Die koste van die vervoer moet minder wees as die waarde van die produk✓✓
- Dit moet duursaam wees✓✓
- Inskrywing van die produk mag nie beperk wees nie✓✓
- Enige VIER verduidelik (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

**3.1.1 Noem TWEE doelwitte van die Arbiedsverhoudinge wet.**

- Self-regering✓
- Meerderheidsgelykheid✓
- Konsultasie✓ (2 x 1) (2)

**3.1.2 Wat is die doel van die Werklooshiedsversekeringsfond?**

- Om burgers in die land te help wat werkloos is, wat hul werk verloor het en wat probeer om nuwe werk te vind✓✓ (1 x 2) (2)

3.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**3.2.1 Identifiseer die stad wat beinvloed word deur die staking in die uitreksel hierbo.**
- Nairobi✓ (1)

**3.2.2 Wat is die oorsaak van die geskil in die uittreksel hierbo?**
- Agv kontrakte en werksekuriteit✓ (1)

**3.2.3 Verduidelik kortliks die term, *vakbond*.**
- ‘n Organisasie wat werkers se ekonomiese belangstelling verteenwoordig✓✓ (2)

**3.2.4 Verduidelik die belangrikheid van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes vir werkers.**
- Om werksers se regte tot reverdige arbeidspraktyke te verseker✓✓ (2)

**3.2.5 Hoe kan werkloosheid die ekonomie beinvloed?**
- Lewenstandaard verlaag✓✓
- Hoe meer mense werkloos is hoe meer uitgawes het die regering✓✓
- Minder mense neem deel aan ekonomiese aktiwiteite✓✓

(2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**3.3.1 Identifiseer vanaf die inligting hierbo, die hoeveelheid mense wie nie aktief betrokke was in die ekonomie nie.**
- 14,6 million✓ (1)

**3.3.2 Wat is die hoofrede vir die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika?**
- Gebrek aan onderrig en opleiding✓ (1)

**3.3.3 Verduidelik kortliks die term, *werkloosheid*.**
- ‘n Situasie waar mense bereid is om te werk maar nie ‘n werk kry nie✓✓ (2)

**3.3.4 Hoekom moet die regering bekommerd wees oor die hoë werkloosheidsyfer in ons land?**
- Hoe meer mense werkloos is, hoe meer mense sal op die regering staat maak vir finansiële hulp✓✓ (2)

**3.3.5 Hoe kan die regering in tree om deelname van gemarginaliseerde groepe te verseker in ons land se ekonomie?**
- Onderrig en vaardigheidsopleidingsprogramme vir die minderbevooregtes✓✓
- Die regering bied ook hulp aan besighede wat hierdie groep mense kan help✓✓
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

**3.4 Bespreek kortliks die verskillende tipes werkloosheid.**

- Wrywingswerkloosheid – wanneer ‘n persoon tussen werke is✓✓
- Sikliesewerkloosheid – agv die skommelinge in die ekonomie✓✓
- Strukturelewerkloosheid – wanneer die vaardigheide van die arbeiders nie ooreenstem met die vraag in die ekonomie nie✓✓
- Seisoenalewerkloosheid – werkers word net benodig sekere tye van die jaar✓✓ (4 x 2) (8)

**3.5 Evaluaeer die impak wat meganisasie op die vraag na arbeid het in ‘n land.**

- Die vraag na fisiese arbeid verminder✓✓
- Die vraag na meer spesifieke arbeid neem toe✓✓
- Groot skaalse produksie lei tot ‘n vraag na arbeid✓✓
- Met verbeterde tegnologie, sal ‘n toename in vraag na arbeid en kapitaal voortduur ✓✓

(4 x 2) (8)
**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE KWESSIES

4.1 Beantwoord die vrae wat volg.

**4.1.1 Gee TWEE voorbeelde van openbare goedere en dienste.**

- Goedere wat nie deur private ondernemings verniet of teen ‘n lae koste gegee kan word nie✓
- Vullisverwydering✓
- Water en sanitasie✓
- Veiligheidsdienste en gesondheidsorg✓ (2 x 1) (2)

**4.1.2 Hoe kan die regering maksimum pryse implementer.**

- Hef pryse op goedere soos basiese kos, behuising en vervoer✓✓ (1 x 2) (2)

4.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**4.2.1 Oor hoeveel jaar sal die subsidieskema plaasvind?**

- Oor 3 jaar✓ (1)

**4.2.2 In watter maand is ons Nasionale Begrotingstoespraak gelewer?**

- Februarie✓ (1)

**4.2.3 Verduidelik die konsep, *prysplafon*.**

- Die regering beheer pryse, stel ‘n limiet op hoe hoog pryse vir sekere godere en dienste mag wees✓✓ (2)

**4.2.4 Gee 'n rede hoekom die regering besluit het om minimum lone te implementeer.**

- Om ongelykheid te verminder✓✓
- Om werkers te beskerm teen uitbuiting van werkgewers✓✓
- Om te verseker dat burgers van die land steeds 'n goeie lewenstandaard handhaaf✓✓ (2)

**4.2.5 Hoe sal indirekte belasting die ekonomie negatief beinvloed?**

- Dit sal pryse laat toeneem✓✓
- Verlaag verbruik✓✓
- 'n Verlaging in verbruik lei tot 'n afname van regeringsinkomste✓✓

(4)

**4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**4.3.1 Identifiseer die vorm van die kurwe in Fig. 1.**

- Konkawe✓ (1)

**4.3.2 Wat is die hoofrede vir die verskuiwing in 'n verbruiker se indifferensiekurwe?**

- Verbruikers se inkomste✓ (1)

**4.3.3 Wat is die verskil tussen 'n indifferensiekurwe en 'n produksiemoontlikheidskurwe?**

- Indifferensiekurwe word gesien uit die verbruikers se oogpunt✓
- PMK word gesien uit die ekonomie se oogpunt✓ (2)

**4.3.4 Wat word geanaliseer deur 'n indifferensiekurwe?**

- Totale nut of satisfaksie✓✓ (2)

**4.3.5 Verduidelik die wet van substitusie.**

- Die wet sê dat hoe skaarser 'n produk is, hoe groter sal die substitusie waarde wees✓✓
- Die marginale nut van 'n produk wat skaars raak, neem toe in vergelyking met die marginale nut van die produk wat toeneem in beskikbaarheid✓✓ (4)

**4.4 Bespreek VIER faktore wat die vraag na arbeid bepaal.**

- Die prestasie van die ekonomie – Indien die ekonomie groei, word meer goedere en dienste, wat deur arbeid geproduseer word, verkoop en meer arbeid word indiens geneem.✓✓
- Produktiwiteit van arbeid – Die verhouding tussen reele uitsette en die hoeveelheid insette wat gebruik word om uitsette te produseer. Produktiwiteit is 'n maatsaf van doeltreffendheid.✓✓
- Verbeterings in tegnologie – Tegnologie verbeter menslike vermoëns, en die vooruitgang verhoog die marginale produksie van arbeid✓✓
- Die aanbod van ander faktore – Wanneer kapitaal, grond, behoorlike onderwys en entrepreneurskap beskikbaar is nie, sal werkers nie werk kry nie✓✓ (4 x 2) (8)

**4.5 Suid-Afrika se arbeidswetgewing stem ooreen met internasionale wette. Verduidelik VIER arbeidsregte.**

- Die reg op waardige werksomstandighede✓✓
- Die reg op werk wat vrylik gekies of aanvaar is✓✓
- Die reg op voldoende vergoeding✓✓
- Die reg op ‘n beperkte werksdag en rustye met vergoeding✓✓
- Die reg op gelyke betaling vir werk van gelyke waarde✓✓
- Die reg op gelyke behandeling✓✓
- Die reg op veilige en higiëniese werksomstandighede✓✓
  (Verduidelikings word gedoen in eie woorde oor vier van die regte)

(4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae van hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 5: MIKRO EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

*Alhoewel geen mark perfekte mededinging het nie, word alle reële markte as onvolmaak geklassifiseer. Daar word gesê dat 'n volmaakte mark gebruik word as 'n standaard waardeur die effektiwiteit en doeltreffendheid van werklike markte gemeet kan word. "*

- Bespreek volledig die eienskappe van volmaakte en onvolmaakte markte. (26)
- Watter stappe kan die regering neem om markmislukking te voorkom? (10)

**[40]**

**INLEIDING**

- ‘n Mark is ‘n potensiele plek of ‘n gereëlde situasie waar kopers (huishoudings) en verkopers (besighede) ontmoet om produkte dienste en geld te ruil. ✓✓

**HOOFGEDEELTE** Maks. 26

Volmaakte Mark:

- Groot aantal kopers en verkopers✓Geen individuele deelnemer kan die prys beinvloed deur eie vraag en aanbod van goedere nie✓
- Homogeniese produktes✓Die produkte wat aangebied word is min of meer dieselfde✓
- Maklik om mark te betree en te verlaat✓Kopers kan die mark vrylik verlaat en betree sonder enige beperkings✓
- Perfekte inligting✓Kopers weet presies wat elke verkoper se prys is✓
- Verkopers is prysnemers✓Verkopers moet die heersende markprys aanvaar✓As hulle hul pryse opstoot to bo die markprys sal hulle niks verkoop nie✓
- In realiteit is daar geen volmaakte makte nie✓in sekere sektore soos mynbou en landbou word sekere voorwaardes nagekom✓

Onvolmaakte markte:

- Daar is ‘n paar verkopers✓hierdie vervaardigers het ‘n direkte invloed op die prys van die produk✓, hulle word nie teruggehou deur mededinging nie✓
- Heterogene produkte✓Die produkte in die mark is verskillend van mekaar en verbruikers soek spesifieke kwaliteite van elke produk✓Die verkoper verskaf goedere en dienste wat geen nabye substituut het nie✓
- Onvolmaakte inligting✓Dit is nie maklik nie en soms onmoontlik vir kopers om te weet wat al die pryse in die mark is✓
- Ander verkopers is beperk om die mark te betree✓Die verkoper word beskerm teen mededinging deur patente, die beheer van hulpbronne en regeringsbeperkings✓
- Die verkoper het beheer oor die prys✓Die vervaardiger van die produk of diens kan die prys hef en die koper kan nie onderhandel of die prys beinvloed nie✓
- Daar is baie onvolmaakte markte waarmee ons te doen het elke dag✓Voorbeelde sluit in Telkom, Eskom, rekenaarvervaardigers en selfoon maatskappye✓

**ADDISIONELE GEDEELTE**

- Die implementering van belasting om verbruikersbesteding te beinvloed (direkte en indirekte belasting)✓✓
- Die implementering van subsidies om te help met die vervaardiging en verbruik van produkte (vir vervaardigers en verbruikers)✓✓
- Welsyn aan burgers van die land in die vorm van sosiale dienste of toelae✓✓
- Die implementering van maksimum en minimum pryse om te verseker dat kopers nie uitgebuit word nie✓✓
- Die implementering van wetgewing rakende vervaardiging en minimum lone om die veiligheid en welsyn van werkers te verseker✓✓

Maks. 10

**SLOT**

- Terwyl geen mark duidelik as volmaakte mededinging geklasifiseer kan word nie, al die reële wêreld markte kan geklasifiseerd word as onvolmaak en met verbruikers en regeringsbesteding help dit om die mark te ontwikkel
- Enige relevante opsomming rakende die onderwerp wat bespreek was✓✓

## VRAAG 6: KONTEMPORÊRE SOSIO EKONOMIESE KWESSIES
**40 PUNTE – 40 MINUTE**

*"Die regering het 'n aantal veranderinge aangaande die wyse waarop natuurlike hulpbronne aangewend moet word, aangepas."*

- Verduidelik hoe die regstelling plaasgevind het ten opsigte van grond, minerale en energie in Suid-Afrika. (26)
- Wat is die uitdagings vir die Mynbou industrieë in Suid-Afrika? (10)

**[40]**

### INLEIDING

- Natuurlike hulpbronne is materiale of stowwe wat voorkom in die natuur en kan uitgebuit word vir ekonomiese gewin. Hierdie hulpbronne is rou materiale wat onttrek word uit die natuur.✓✓

### HOOFGEDEELTE

- Ekonomiese regstelling is om reg te maak wat verkeerd was✓✓
- Grond
  - Die regering het grondhervorming bekend gestel✓✓
  - Die regering koop grond by wit boere vir die gebruik vir gemarginaliseerde boere✓✓
  - Die Grondhervormingsprogram – die doel van hierdie program is om die geldigheid van eise te assesseer, om grond terug te kry vir eisers of om eisers finansieel te vergoed✓✓
  - Grondherverdeling – om landbou-grond vir voorheen benadeelde Suid-Afrikaners tot die beskiking te stel. Hierdie program is gemik op die armes, plaaswerkers, vroue en nuwe kommersiele boere✓✓

- Minerale en Energie
  - Die minerale en petroleum hulpbronontwikkelingswet poog om restelling te versnel in die mynbou industrie – regering nasionaliseer mineraleregte effektief✓✓
  - Die departement van minerale en energie skryf beleide om eienaarskap te reguleer, asook die ontgunning, gebruik en verwerking van die minerale in SA✓✓
  - Die regering is alleen bewaarder van al die minerale en petroleum hulpbronne in SA✓✓
  - Mense moet aansoek doen om hierdie hulpbronne te myn✓✓
  - Hierdie wette forseer aansoekers om geleenthede beskikbaar te stel vir voorheenbenaadeelde groepe✓✓
  - Deur Eskom, stel die regering die land instaat om te verbind met mekaar op ‘n nasionale elektrisiteitrooster✓✓
  - Provisiale en plaaslike regering vervang ou sanitasiesisteme met nuwe sisteme in baie gemeenskappe✓✓
  - Regering poog om alle gemeenskappe toegang te gee tot skoon water deur pyplyne✓✓
  - Die mynbou industrie is onder druk om ongesuiwerde water te behandel✓✓

Maks. 26

**ADDISIONELE GEDEELTE**

Uitdagings wat mynboubedrywe in die gesig staar in SA

- Ekonomiese prestasie – toenemende en dalende spandering deur die regering en inflasie✓✓
- Indiensneming – gebrek aan opleiding en onderrig verhoog hindernisse om die regte mense aan te stel✓✓
- Inkomste-ongelykheid – dit veroorsaak spanning tussen verskillende dele van die bevolking en beinvloed die daaglikse atiwiteite a.g.v. stakende werkers oor loonverspreiding✓✓
- Armoede – indien daar 'n daling in vraag is verlaag produksie wat laer wins en verkope in gevolg het✓✓
- Stabilitieit – wanneer 'n land onstabiel is onttrek buitelandse beleggers en kapitaal daal✓✓

Maks. 10

**SLOT**

- Die mynbou industrie in SA is 'n hoof bron van inkomste vir ons ekonomie en relevante beleide moet geimplimenteer word om te verseker dat die sektor tot die ekonomie bydra
- Enige gepaste antwoord tov onderwerp bespreek✓✓ **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOT TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou